

Van moedelse-mammas tot sonskyn-mammas

Marinda Botha

Met BabaGim kry ons baie keer mammas wat alreeds baie weet, mammas wat baie wil weet en soms ook mammas wat nie weet watter kant toe met hul babas se probleme nie. Dit is gewoonlik dié moedelse mammas wat baie keer verras word met die dinge waartoe hul baba in staat is.

Twee sulke gevalle het die afgelope jaar in my BabaGimklas verander van moedeloos tot stralend. Die eerste een was 'n 18 maande oue seuntjie wat nog nie self tot in 'n sittende posisie kon kom, kon omrol of natuurlik kruip nie. Hy was prematuur gebore, het geweldige refluks gehad en was steeds gedurig in en uit die hospitaal aangesien sy asmatiese bors dikwels tot longontsteking gelei het. Met die dat hy moes oorleef was daar nie tyd of energie oor om voldoende te ontwikkel nie. Die pediater het selfs so ver gegaan as om vir die ouers te se dat hy nie sal kruip nie. Dit was natuurlik net die uitdaging wat ek nie kon weerstaan nie en saam met elke sessie het ons maagspiere geoefen. Teen sessie drie kon hy self regop kom en sit en teen sessie vyf wou hy begin kruip. Ons het nog so paar sessies gehad en teen week sewe het die mannetjie rondgekruip asof dit nooit 'n probleem was nie. Sy ma en ouma wat hom elke week gebring het was baie toegewyd en dit het beslis die deurslag gegee.



Die mees toegewyde ma wat ek egter al ooit gesien het, is Claudine. Haar seuntjie Israel is verstandelik gestrem en op ongeveer 20 maande was hy nog 'n pap baba met 'n slap nekkie. Al wat styf was, was sekere dele van sy lyfie en hande wat redelik spasties was. Dit is my skoonsussie-hulle se tuinier se kind en die hospitaal het eenvoudig na die geboorte vir hulle gese "there is something wrong with the brain, but you can take him home now." Dit was vir my hartverskeurend dat daar geen hulp of inligting aan hulle deurgegee is nie en hulle het hom tot die beste van hulle wete hanteer. Ongelukkig het daar omtrent geen stimulasie plaasgevind nie. Wetende dat hulle nie intervensie kan bekostig nie, het ek aangebied om die BabaGim kursies vir hulle gratis te doen, ek het ook geweet hierdie gaan 'n baie lang paadjie wees wat ons sou saam stap. Tydens die eerste sessie het hy glad nie bewus van sy omgewing gelyk nie. Ek het selfs vermoed dat hy blind of doof, of albei is. Ons het begin masseer en hy het vreeslik kermgeluidjies gemaak. Ek het gereeld die woorde 'deurdruk' en 'vasbyt' in hierdie tyd gebruik, veral vir sy mamma se onthalwe, ons moes hom leer dat sy vel nie net daar is om hom te beskerm nie. Natuurlik vermoed ek ook dat die massering vir

hom seer kon wees omdat die spiere so styf en spasties was. Vir weke het ons gemasseer en hy het al hoe minder spasties geword, daarna het ons aangegaan na week twee en elke klein verandering gevier en vir Israel geprys. Teen die tiende sessie het hy 'n fopspeen gesuig. Ek weet nie of ek, my skoonsussie of Claudine die hartste gehuil het van blydschap nie (hy was redelik ondervoed omdat hy nie ordentlik kon suig of sluk nie).



Huidiglik volg sy ore en ogies voorwerpe en hy gesels land en sand met ons. Sy sessies gaan steeds voort en ons mik vir die sterre. Al was daar "something wrong with the brain" glo ons Israel gaan sy maksimum potensiaal bereik.

